# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

# PROVINSIALE EKSAMEN

# NOVEMBER 2017

# GRAAD 10

**EKONOMIE**
**VRAESTEL 1**

**TYD:** **2 ure**

**PUNTE:** **150**

**14 bladsye**

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**PROVINSIALE EKSAMEN**

**EKONOMIE**
**Vraestel 1**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 150**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDBOEK.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord enige TWEE van die DRIE vrae.
   AFDELING C: Beantwoord enige EEN van die TWEE vrae.

2. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

3. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

4. Skryf die vraagnommer bo-aan elke antwoord neer.

5. Lees die vraag aandagtig deur.

6. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.

7. Laat 2 – 3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs blou ink.

10. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

11. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A**
**(VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

**1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf slegs die korrekte letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 C.

1.1.1 Ekonomie is ŉ sosiale wetenskap wat ŉ studie maak van hoe mense hulle onbeperkte behoeftes en begeertes bevredig met …

A. beperkte middele.
B. onbeperkte hulpbronne.
C. beperkte bevrediging.
D. onbeperkte bevrediging.

1.1.2 Die basiese ekonomiese probleem wat deur alle nasies in die gesig gestaar word, is …

A. gratis goedere.
B. menseregte.
C. skaarsheid.
D. vrye verkiesings.

1.1.3 Die belangrikste ekonomiese deelnemers in die ekonomiese kringloop-model is…

A. belastings.
B. werkers.
C. werkgewers.
D. huishoudings.

1.1.4 ŉ Ekonomiese aanwyser wat ŉ aanduiding gee van hoe die ekonomie in die toekoms kan presteer, is …

A. sloerende aanwyser.
B. leidende aanwyser.
C. samevallende aanwyser.
D. saamgestelde aanwyser.

1.1.5 In vroeë gemeenskappe het huishoudings goedere en dienste vir hulle eie behoud geproduseer het, dit word … genoem.

A. geleentheidskoste
B. alternatiewe
C. keuses
D. selfversorgendheid

1.1.6 Dit is die eerste groep mense wat in die Suidelike en Westelike dele van Afrika gewoon het.

A Khoisan
B Afrikastamme
C Europeërs
D Arabiere

1.1.7 Vandag het elke land sy eie geld wat bekend staan as …

A inheemse geld.
B gemeenskapsgeld.
C geldeenheid.
D Rand.

1.1.8 Die vergoeding van arbeid is …

A lone
B rente
C profyt
D huur

(8x2) **(16)**

1.2 **PASITEMS**

Kies ŉ **beskrywing** uit KOLOM B wat by ŉ **begrip** in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – I) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Ekonomie | A. Grondstowwe of natuurlike hulpbronne word ontgin, gekweek en geoes. |
| 1.2.2 Primêre sektor | B. Die bedrag geld wat aangebied of gevra word vir iets wat gekoop of verkoop word. |
| 1.2.3 Spaargeld | C. ŉ Faktor wat ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika gedurende die vroeë stadiums van ontwikkeling bemoeilik het. |
| 1.2.4 Resessie | D. Die beweging van mense oor grense om hulself op ŉ ander plek te vestig. |
| 1.2.5 Prys | E. Enige iets wat as betaalmiddel vir goedere en dienste aanvaar word of as ŉ vorm van welvaart opberging. |
| 1.2.6 Swak binnelandse vervoer | F. Om hulpbronne te gebruik vir die produksie van goedere en dienste. |
| 1.2.7 Geld | G. ŉ Tydperk waar daar ŉ afname in ekonomiese aktiwiteite en voorspoed is. |
| 1.2.8 Migrasie | H. Is die verskil tussen inkomste en besteding. |
| | I. Dit het te doen met ons kwaliteit lewe, armoede en rykdom. |

(8x1) (8)

1.3 **TERMINOLOGIE**

Gee EEN term vir die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Dit is ŉ vertakking in die ekonomie wat die somtotaal van die ekonomie as geheel bestudeer bv. die indiensnemingskoers

1.3.2 Dit is al die mense wat saam leef en wat as ŉ familie gemeenskaplike ekonomiese besluite maak

1.3.3 ŉ Metode van handel wanneer een produk of diens (kommoditeit) vir ŉ ander produk of diens (kommoditeit), met dieselfde waarde, verruil word

1.3.4 ŉ Fase of sektor waar grondstowwe wat vanaf die primêre nywerhede verkry word, omskep word in produkte geskik vir verbruikers

1.3.5 Dit is finansiële instellings wat as skakel dien tussen mense wat deposito's maak en mense wat lenings aangaan

1.3.6 Persone wat gewillig en geskik is om te werk maar nie ŉ werk kan kry nie

(6x1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B**

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in jou ANTWOORDBOEK.


**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE produksiefaktore vir 'n besigheid. (2x1) (2)

2.1.2 Waarom gebruik ekonome modelle in die studie van Ekonomie? (1x2) (2)

2.2 Bestudeer die onderstaande diagram en beantwoord die vrae wat volg.




2.2.1 Noem EEN hoofdeelnemer in die ekonomiese kringloop. (1)

2.2.2 Is dit 'n oop of geslote ekonomie wat in die bostaande diagram uitgebeeld word? (1)

2.2.3 Verduidelik kortliks die term *markte* in die ekonomiese kringloop. (2)

2.2.4 Waarom is dit belangrik dat die regering en ander Suid-Afrikaners plaaslike produkte koop? (2)

2.2.5 Onderskei kortliks tussen BBP en BNI. (4)

2.3 Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg:

**SCENARIO**

Totale produksie R25 000, Besparings R4 000, Uitvoere R1 300, Inkomstebelasting R5 000, Regeringsuitgawes R9 000, Belegging R2 400 en Invoere R3 700

2.3.1 Stel vas hoeveel uitgegee is op buitelandse goedere. (2x1) (2)

2.3.2 Gee die vergelyking wat gebruik word om die BBP te bereken in 'n oop ekonomie, deur gebruik te maak van die uitgawemetode. (2)

2.3.3 Verduidelik die situasie waar die ekonomie in ewewig is. (2)

2.3.4 Bereken die totale lekkasies in die bostaande scenario. Toon ALLE berekenings. (4)

2.4 Onderskei tussen ekonomiese goedere en vry goedere. (2x4) (8)

2.5 Wat is die verband tussen positiewe stellings en normatiewe stellings? (8)

**[40]**

**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE - 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE bankinstellings in Suid-Afrika. (2x1) (2)

3.1.2 Hoe kan ŉ toename in inkomste lei tot die uitbreiding van nywerhede? (1x2) (2)

3.2 Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg:

**Gevolge van Apartheidswette op Industrialisasie.**

In Suid-Afrika het die apartheidsbeleid baie Suid-Afrikaners gedwing om in tuislande te woon. Mense was nie toegelaat om na die stede en dorpe te migreer nie totdat die paswette in die 1980's herroep is.

As gevolg daarvan was die verstedelikingskoers in die land vir amper 40 jaar stabiel. Nadat die apartheidsera in 1994 tot ŉ einde gekom het, het baie mense vinnig na die stede en dorpe toe getrek met die hoop om ŉ werk te kry. Dit het groot druk op die infrastruktuur van bykans elke Suid-Afrikaanse stedelike sentrum geplaas.

***[Bron: www.econrsa.org]***

3.2.1 Verduidelik kortliks die term *stedelike migrasie / verstedeliking*. (1)

3.2.2 Wat kan ŉ rede wees vir hierdie migrasie? (1)

3.2.3 Verduidelik kortliks hoe die apartheidsbeleid die verstedelikingskoers in Suid-Afrika beïnvloed het. (2)

3.2.4 Hoekom is die snelgroeiende verstedeliking ŉ probleem, veral vir die regering? (2)

3.2.5 Verduidelik die verhouding tussen verstedeliking en industrialisasie. (2x2) (4)

3.3 Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.

| Onderwysvlakke | % Werkloosheid |
|---|---|
| **Geen skoolonderrig** | **7,16** |
| **Onvoltooide primêre skoolonderrig** | **20,87** |
| **Onvoltooide sekondêre skoolonderrig** | **51,40** |
| **Matriek** | **19,76** |
| **Kwalifikasie na matriek** | **0,81** |

[Bron: *Statistiek Suid-Afrika*, *Kwartaallikse arbeidsmag oorsig*]

3.3.1 Volgens die tabel, watter onderwysvlak het die hoogste persentasie werkloosheid? (1)

3.3.2 Verduidelik kortliks die term *arbeid*. (1)

3.3.3 Hoe kan ’n land bevoordeel word deur ’n groeiende bevolking? (2)

3.3.4 Verduidelik die verband tussen ’n gebrek aan onderwys en werkloosheid. (2)

3.3.5 Volgens jou mening, watter oplossings kan daar vir werkloosheid wees? (2x2) (4)

3.4 Hoe kan industrialisasie tot die ontwikkeling van vervoer en kommunikasie netwerke lei? (4x2) (8)

3.5 Bespreek die Demografiese siklus met behulp van ’n diagram. (8)
**[40]**

**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE - 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE vrae wat ekonome poog om te beantwoord. (2x1) (2)

4.1.2 Hoekom vorder die regering belasting van besighede en huishoudings in? (1x2) (2)

4.2 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**Begroting 2017 – Steeds by kruispaaie**

Daar was geen verrassings in die 2017 Begroting, in vergelyking met vorige begrotingsverwagtinge, gewees nie. Die boodskap van Arthur Kamp van Sanlam Beleggings, is dat die begroting 'n geloofwaardige pad vir die stabilisering van die regering se skuldverhouding oor die mediumtermyn skets. Belangriker is dat daar verwag word dat owerheidsinkomste, nie-rente uitgawes op die hoofbegroting teen 2018/2019 gaan oorskry. Die tesourie voorspel dat die begrotingstekort vanaf -3,4% van die BBP in 2016/17 tot -2,6% van die BBP in 2019/20 gekonsolideer sal word, terwyl bruto leningsskuld wat deur beleggers befonds word, 'n hoogtepunt van 52,9% van die BBP in 2018/19 sal bereik.

*[Bron: www.Fin24.com]*

4.2.1 Volgens die leesstuk, watter maatstaf word deur ekonome gebruik om groei vooruitskattings te maak? (1)

4.2.2 Wat voorspel die tesourie gaan die gekonsolideerde begrotingstekort vir 2019/20 wees? (1)

4.2.3 Onder watter Ekonomiese vertakking sal die begroting geklassifiseer word? (2)

4.2.4 Haal EEN positiewe en EEN normatiewe stelling in die uittreksel aan. (2)

4.2.5 Onderskei tussen 'n *bevelstelsel* en 'n *tradisionele ekonomie* as ekonomiese stelsels (2x2) (4)

4.3 Bestudeer die onderstaande prentjie en beantwoord die vrae wat volg:




[Aangepas uit Internet Cartoons]

4.3.1 Watter boodskap word in die bostaande prentjie uitgebeeld? (1)

4.3.2 Waar in Suid-Afrika is diamante ontdek? (1)

4.3.3 Watter faktore het die ontwikkeling van mynbou-aktiwiteite in Suid-Afrika bemoeilik? (2)

4.3.4 Verduidelik kortliks die verband tussen koopkrag van die bevolking en ekonomiese groei. (2)

4.3.5 Verduidelik die gevolge van die mynbou industrie in die ontwikkeling van Suid-Afrika. (2x2) (4)

4.4 Onderskei tussen *lekkasies* en *inspuitings* in die ekonomiese kringloop. (2x4) (8)

4.5 Hoe beïnvloed MIV/VIGS die arbeidsmag in Suid-Afrika? (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C**
**OPSTELVRAE**

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.
Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL | PUNTE TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br><br>Die inleiding is ŉ laeorde antwoord.<br><br>• ŉ Goeie beginpunt is om die hoofkonsep wat verband hou met die vraag te bepaal.<br>• Moenie enige deel van die vraag in die inleiding insluit nie.<br>• Moenie enige deel van die inleiding in die inhoud herhaal nie.<br>• Vermy dit om in die inleiding te sê wat jy gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Inhoud**<br><br>**Hoofdeel:** Bespreek volledig / In-diepte bespreking / Ondersoek / Bespreek krities / Analiseer / Vergelyk / Evalueer / Onderskei / Verduidelik<br><br>**Addisionele deel:** Gee jou eie mening / Bespreek krities / Evalueer/ Evalueer krities / Teken ŉ grafiek en verduidelik / Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik / Voltooi die gegewe grafiek / Bereken / Lei af / Vergelyk / Verduidelik / Onderskei / Interpreteer / Debatteer kortliks / Hoe? / Stel voor | Maks. 26<br><br><br>Maks. 10 |
| **Gevolgtrekking**<br><br>Enige hoëorde gevolgtrekking behoort die volgende te bevat:<br><br>• ŉ Kort opsomming van wat bespreek is, sonder om enige genoemde feite te herhaal.<br>• Enige opinie of waardeskatting omtrent die bespreekte feite.<br>• Addisionele ondersteunende inligting om die bespreking / analise te versterk.<br>• ŉ Weersprekende standpunt met motivering, indien vereis.<br>• Aanbevelings. | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

Ekonome het gevind dat daar min of meer ŉ ononderbroke patroon is waarin die ekonomie groei.

- Gee ŉ volledige bespreking van die fases van sakesiklusse. (26)
- Beklemtoon die invloed wat sakesiklusse op die ekonomie het. (10)

**[40]**

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

Aan die begin van 2010 het vier hoofbankgroepe die Suid-Afrikaanse bankwese gedomineer. Hulle was ABSA, Eerste Nasionale Bank, (ENB) Nedcor, en Standard Bank.

- Bespreek volledig wat die rol en funksies van Handelsbanke in die ontwikkeling van die ekonomie in Suid-Afrika was. (26)
- Gee ŉ kritiese evaluering van die belangrikheid van die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) in ons land. (10)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 150**

**EINDE**